

# "DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 27.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

**5 Julie 2020**

HARTLIK WELKOM!

Dit is 'waarlik n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

**EREDIENSTE VANDAG : Dr. Petrus Venter**

**Eerste diens: 9h30**

**LITURGIESE GEGEWENS**

**Skriflesing:** Lukas 17: 11 - 19

Teks: Lukas 17:17

**Sing- VOORAF SANG:** Ps. 84: 1, 2

**TYDENS EREDIENS :** Ps 146 :1, 3, 8 ; Ps 86 :1,6 ;

Ps 42 :5, 7 ; Ps 31 :1, 15

**DINK DANKBAARHEID ...DOEN DANKBAARHEID**

*Waar is die ander nege dan!?*

1. Watter eis Jesus aan die 10 melaatses se geloof gestel het?
2. Watter vrug Jesus van hulle geloof verwag het?

**Leerprediking 18h00**

**(Regstreekse internet-uitsending)**

Die skootrekenaar waarmee uitsendings gewoonlik hanteer word, is in die Kaap vir herstelwerk. Ons vertrou ons kan alternatiewe plan vir uitsending maak ...

**Skriflesing:** Genesis 42:29-38; Romeine 8:28-38

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 10**

**Teks:** Genesis 42:36; Romeine 8: 28

**Sing-** Ps. 140: 10, 11

**WAT GOD DIE VADER SE VOORSIENIGHEID NOU EINTLIK IS?**

1. Wat die voorsienigheid eintlik is?
2. Waaroor die voorsienigheid handel?
3. Watter nut die voorsienigheid dan wel vir ons inhou?

**Voorsang**

Ps. 84 : 1,2

**Ontmoetingsdiens**

Votum en seën

Lofsang: Ps. 146: 1, 3, 8

Belydenis van geloof

**Verootmoediging- en versoeningsdiens:**

Wet: Eksodus 20

Sing: Ps. 86: 1, 6

**Gebed**

**Woorddiens**

Sing: Ps. 42: 5, 7

Skriflesing: Lukas 17: 11 – 19

Teks: Lukas 17: 17

**Preektema:** Dink dankbaarheid ... doen dankbaarheid.

*Was daar nie tien wat gesond gemaak is nie?  
Waar is die ander nege dan?*

**Antwoorddiens**

Gebed

Liefdesdiens kollekte – In die banke DVB

By die deure – Bediening vir Postmasburg

Sing: Ps. 31:1, 15

**Wegstuurseën**

## KOLLEKTES

**Vandag:** 5 Julie 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Bediening vir PMG**

**Sondag:** 12 Julie 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Teologiese Studente Kas**

***U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...***



## WYK – DIENSBEURT

Vandag – 5 Julie 2020: Wyk 8

- **Ouderling:** Br. Wolfie Reinecke
- **Diaken:** Br Johan Reinecke
- **Wyksusters:** Sr Kobie Reinecke
- Volgende week – 12 Julie 2020: Wyk 9
- **Ouderling:** Br. Ferreira Meyer
- **Diaken:** Br. Barend Snyman
- **Wyksusters:** Sr. Estea Du Plessis

## MEELEWING

- Oudl. Jan Schoeman is nog in Bloemfontein. Ons dink aan hom in die rehabilitasie wat hy moet deurgaen en ook aan sr Magdalena en geliefdes in wat hulle saam met hom moet deurgaen en hom ook moet bystaan. Die pad na herstel is deur verskeie spesialiste as 'n baie moeilike pad voorgehou en dra by tot groot kommer in wat vir almal voorlê. Ons is dankbaar dat daar vir hom en geliefdes ook heenkome by br Arthur Cilliers hulle kan wees.
- Br Dries van der Walt wat ook uitdagings met sy gesondheid ervaar is in ons gedagtes en gebede.

## VERJAARSDAE

Dinsdag	7 Julie	Jolandri van der Walt
Saterdag	11 Julie	Leo Viljoen
Maandag	20 Julie	Andrè Erasmus, Madrè Erasmus

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## GROENWATER-NUUS

Ons dink aan hierdie gemeente en vertrou as tye nog weer meer na normaal kan teruggaan ons hulp en konsulent bediening ook weer daar meer konkreet sal word. Daar is nog bepaalde uitdagings in die lig van die Corona-virus wat herbesin en nuut oor gedink sal moet word.

## BELANGRIKE DATUMS

3 Julie – Steak-été. Alle Wyke

Alle lidmate wat weereens hierdie geleentheid Vrydag ondersteun (het) en kon bydra tot die sukses daarvan word hartlik bedank.

## ALGEMENE KERKNUUS

### GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

**BEROEPE ONTVANG:** Ds. OJ Struwig (Ockie) van GK Frankfort na GK Totiusdal

**DOODSBERIG:** Dr PW Bingle (Pieter), emerituspredikant van GK Kaapstad is oorlede op 28 Junie 2020. Dr Bingle was in lewe die predikant van GK Carolina 1964-1968, GK Pretoria-Wes 1968-1973 en GK Kaapstad 1973-2006.

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

## KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

**Ons versoek die Laerskool-ouers om waar al die werk aan hulle beskikbaar is op ons webwerf dat hulle met hulle kinders die werk sal behandel en dat die katkisasie gewoon voortgaan. U kan dit alles by bogenoemde skakel aflaai. Ook die Psalmsang wat ons poog elke weeksoggend deur te gee bied ook geleentheid dat die kinders ook die Psalms hoor en kan die inhoud daarvan met hulle gedeel en verduidelik word. Ons wil graag deur die Psalms hiermee gaan.**

**Hoërskool – kategeese sal voortaan plaasvind soos aan die ouers en ons katkisante deur WhatsApp ooreengekom. Daar word 'n les deur YouTube opgelaa; daar word ook vrae aan die les toegevoeg en Maandae moet die vrae skriftelik beantwoord wees dat opvolg van werk by volgende opname op Dinsdae ook gedoen kan word.**

## DORKAS- SUSTERS

**Daar is in hierdie noodtyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.**

Die Dorkas Susters wil net elke Susters wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het.

## BYBELSTUDIE

Ons is in hierdie tyd besig met Bybelstudies rondom die Here se verbond. Dit vind elektronies plaas. **Ons poog hierdie week te kyk na die verbond in Sinai (Mosaïetiese verbond).** Die video en klankgreep van die opnames word so ver moontlik versprei, in ons gemeente maar ook op die groep – Die Woord verby die duine ...

## GLOmedia TV

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na [www.glomedia.tv](http://www.glomedia.tv) te gaan en aan te sluit. Kyk ook na roterende kennisgewingbord voor die erediens vandag begin ...

## PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. Dr. Venter is ook om die beurt 'n deelnemer op die program. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>. Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

## HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Wyk 8 en wyk 9 is die volgende twee maande op die predikant se huisbesoek-beplanning. Hy sal so gou moontlik met u wil skakel dat die huisbesoeke kan voortgaan.

## ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

## KERKRAADSAKE

### VERGADERINGS:

**Die Kerkraad het 'n dringende vergadering belê vir Woensdag 15 Julie 2020. Dit handel oor die stand van dankoffers, ons huidige begroting en hoe gemaak met vanjaar se Kermis. Ons sal DV ook Sondag 19 Julie 2020 'n gemeente-vergadering hou om die sake met gemeente te bespreek.**

## KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 (Is weer in werkende toestand!)

Kerkkantoor ure: Maandae, Woensdae en Vrydae 9h00 – 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

**Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:**

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

## STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	<b>32</b>
Bydrae: Sustentatie Klassis	<b>700.00</b>
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	<b>1 262.00</b>

## GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Snap here to pay

SnapScan

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)